



WP SAALPERD SUB-UNIE

GRONDWET VAN WESTELIKE PROVINSIE
SAALPERD SUB-UNIE (2019)

APPROVED

1. NAAM

Die naam van die sub-unie sal wees **WESTELIKE PROVINSIE SAALPERD SUB-UNIE**. Dit is geaffilieer met die Saalperdtelersgenootskap van Suid Afrika.

2. LIDMAATSKAP

Lidmaatskap sal bestaan uit kategorie A- en B- lede. Kategorie A-lede moet kwalifiseer vir amateurstatus. Kategorie B is alle lede wat nie voldoen aan die voorwaardes van kategorie A nie. Lidmaatskap moet verder voldoen aan die volgende vereistes:

A Kategorie A

- (i) Lidmaatskap is beperk tot persone wat geografies binne die grense van die sub-unie woon.
- (ii) Alleenlik volopbetaalde en goedgekeurde lede sal toegelaat word om in amateurklasse op skoue wat binne die Saalperd skousirkel, klubsone, sub-unie, nasionale en internasionale kampioenskappe val, deel te neem.
- (iii) Stemreg, ampsbekleding en spanverteenwoordiging is beperk tot die sub-unie waarin die lid woonagtig is.
- (iv) Alleenlik individue mag lid wees.

B Kategorie B

- (i) Lidmaatskap sal gekoppel wees aan die sub-unie waarin die persoon geografies woonagtig is en alleenlik dan sal hy die reg hê tot lidmaatskap van ander sub-unies.
- (ii) Enige korporasie, assosiasie, vereniging, firma, besigheid of vennootskap kan lid word, maar slegs een lid van so 'n liggaam met slegs een stem sal verteenwoordiging hê op vergaderings van die sub-unie. Sodanige lid mag egter nie 'n amp beklee of op die bestuur of in 'n komitee dien in sy hoedanigheid as verteenwoordiger van so 'n liggaam nie.

C Algemeen

- (i) Ledegeld en intreefooie behoort die bedrag wat van tyd tot tyd deur die jaarvergadering bepaal word.
- (ii) Stemreg en ampsbekleding is beperk tot die sub-unie waarin die lid woonagtig is.
- (iii) Indien 'n lid nie voor 31 Julie, na versending van twee (2) rekenings, waarvan een per aangetekende pos, die voorgeskrewe lidmaatskapsfooie vereffen het nie, sal sy bedanking as lid vanselfsprekend aanvaar word. Dit sal elke lid se

verantwoordelikheid wees om die sub-unie skriftelik in kennis te stel van enige adresverandering.

- (iv) Enige lid wat sy lidmaatskap wil beëindig, moet die sekretaris nie minder as drie maande kennis gee van sy voorneme met die voorbehoud dat so 'n bedanking alleenlik in werking tree by die einde van die finansiële jaar waarin dit gegee word.
- (v) Enige persoon wat opgehou het om 'n lid te wees, kan weer lid word deur aansoek te doen mits daar voldoen word aan die vereistes wat die Raad stel.
- (vi) Die bedanking of skorsing van 'n lid onthef hom nie van sy verpligtinge om alle agterstallige ledegelde of fooie wat aan die sub-unie verskuldig is, te vereffen nie.
- (vii) Die bestuur mag aansoeke voorwaardelik of onvoorwaardelik aanvaar of enige aansoek weier sonder om redes vir sodanige weiering te verstrek.

3. DOELSTELLINGS

A Ten opsigte van Kategorie B-lede

- (i) Die sub-unie sal kampioenskap- of ander skoue in die WP gebied tot stand bring en bevorder en verantwoordelik wees vir die handeling, toepassing en uitvoering van vereistes, reëls en regulasies wat van tyd tot tyd neergelê word deur die Saalperdtelersgenootskap onder wie se beskerming die sub-unie fungeer en om tekortkominge en afwykings daarvan aan die genootskap te rapporteer en te help om dit te ondersoek en reg te stel.
- (ii) Om te teel, afrigting en tentoonstelling van Saalperde van hoë gehalte aan te moedig en ook kompetisies, vertonings en/of afrigting van ruiters, vertoners van Saalperde en perde self aan te moedig, te bewerkstellig en te organiseer.
- (iii) Om klasse vir Saalperde op skoue te verkry en te organiseer en om prysgelde, inkomste en fondse vir skoue en die sub-unie te verkry en te organiseer deur onderhandelings of enige ander metode van welke aard ookal en met enige persoon, liggaam of firma soos die sub-unie mag goed dink.
- (iv) Om toe te sien dat bevoegde beoordelaars en beamptes op streekskoue optree.
- (v) Om funksies en byeenkomste te reël ter bevordering van belangstelling in die Saalperdbedryf.
- (vi) Om reëls en regulasies te maak ten einde die wettige werksaamhede en doelstellings van die sub-unie te hanteer, bevorder en uit te voer.
- (vii) Om met enige liggaam, instansie of assosiasie van persone te amalgeer, daarmee te assosieer of daarby te affilieer ter bevordering van die SA Saalperd of die Saalperdbedryf.

B Ten opsigte van Kategorie A-lede

- (i) Om Saalperd ruiters- en rykuns en al sy vertakkings in Suid Afrika te bevorder en uit te bou.
- (ii) Om spanne saam te stel vir deelname op provinsiale vlak sowel as deelname aan proewe vir die samestelling van nasionale spanne.
- (iii) Om klub- en kampioenskapskoue te reël en te bevorder en verantwoordelik te wees daarvoor ten opsigte van die handhawing, toepassing en uitvoering van vereistes, reëls en norme wat van tyd tot tyd neergelê word.
- (iv) Om pryse en borge vir klasse, spanne en skoue te verkry.
- (v) Om toe te sien dat bevoegde beamptes en beoordelaars op skoue optree.

C Algemeen

Om beleggings van enige aard te maak en fondse te hanteer of te onttrek, kontrakte van enige aard met enige liggaam, persoon of instansie aan te gaan, om vaste of roerende eiendom te koop, verkoop of te verpand en om enige fondse, geld of eiendom, roerend sowel as onroerend, aan te wend tot die beste voordeel van die sub-unie. Die aankoop of vervreemding of verpanding van vaste eiendom, asook aandeeltransaksies, behalwe aandele in banke of bougenootskappe, is onderhewig aan goedkeuring deur 'n algemene vergadering.

4. ERELEDE

Persone wat die doelstellings van die sub-unie in 'n besondere mate help bevorder, kan deur die bestuur as erelede of erepresident verkies word.

5. VOORREGTE VAN LEDE

- (a) Om rapporte in verband met die sub-unie se werk te ontvang.
- (b) Om in al die voorregte van die sub-unie te deel.
- (c) Om alle algemene- en buitengewone vergaderings van die sub-unie by te woon en op sulke vergaderings te kan stem, op voorwaarde dat die lid se ledegeld en intreefooi ten tyde van die vergadering opbetaal is. Alleenlik volwassenes, d.w.s. ouderdom 19 jaar en oor sal stemreg hê.
- (d) Erelede sal in alle voorregte kan deel en sal as lede van die Raad verkies kan word.
- (e) Die regte en voorregte van elke lid is vir homself alleen en is nie oordraagbaar aan iemand hetsy deur sy eie optrede of deur die werking van die wet nie.

6. RAAD EN VERKIESING

- (a) Die sake van die sub-unie sal beheer word deur 'n raad van agt lede, wat sal bestaan uit 'n president wat as voorsitter sal optree, vise-president, 'n sekretaris en vyf lede. Die raad het die reg om ander lede te koöpteer, met of sonder stemreg, na behoefte. Ten minste 50% van die raadslede moet kategorie A-lede wees.
- (b) Die voorsitter en ondervoorsitter sal sitting hê op die Uitvoerende Raad van die Saalperdtelersgenootskap. Die voorsitter kan 'n sekunde uit sy raad aanstel in geval van sy afwesigheid.
- (c) Die voorsitter dien vir een jaar en die res van die ampsdraers vir twee jaar vanaf datum van verkiesing op die algemene jaarvergadering. Vakatures by voltooide sowel as onvoltooide dienstermyne van ampsdraers word jaarliks deur die algemene jaarvergadering gevul.
- (d) Die verkiesing van ampsdraers sal per stembrief geskied.

7. RAADSVERGADERINGS

- (a) Vergaderings van die raad sal op sulke plekke en tye gehou word soos die raad mag besluit, en sal byeengeroep word deur die voorsitter of op skriftelike versoek van ten minste drie lede van die raad met verstreking van redes.
- (b) Indien die voorsitter of vise-voorsitter afwesig is by die vergaderings, sal die lede teenwoordig 'n voorsitter kies vir die vergadering.
- (c) Die voorsitter sal, benewens sy gewone stem, ook 'n beslissende stem hê in die geval van staking van stemme.
- (d) Kworum - Vier (4) lede van die raad vorm 'n kworum.

8. MAGTE VAN DIE RAAD

(a) Ko-optering

Ingeval enige lid van die raad bedank of ophou om lid van die sub-unie te wees, kan die raad 'n ander tydelike lid benoem om die vakature te vul tot die volgende algemene jaarvergadering op voorwaarde dat ten minste 50% van die raad kategorie A-lede is. Nieteenstaande enige vakatures op die raad sal dit nogtans as 'n behoorlik gekonstitueerde liggaam beskou word en voortgaan om sy magte te beoefen solank 'n kworum teenwoordig is.

(b) Algemene magte

Tensy anders vermeld deur die grondwet, sal die raad verantwoordelik wees vir die orde van die skoue binne die sub-unie, en word deur die grondwet die mag en volmag gegee om uitvoering te gee aan sy doelstellings en sal ook die volgende magte insluit:

- (i) Om reëls en regulasies te maak ten einde uitvoering te gee aan die doelstellings van die sub-unie op voorwaarde dat die magte en doelstellings van die grondwet nie oorskry word nie.
- (ii) Om drie weke skriftelik kennis te gee van sy voorneme om reëls en regulasies van die sub-unie te maak, te wysig of te skrap. Sodanige reëls en regulasies moet bekragtig word deur die eerste daaropvolgende algemene jaarvergadering, waarvan minstens 30 dae skriftelike kennis gegee moet word. Totdat die jaarvergadering sodanige reëls en regulasies van die raad goed- of afkeur, bly die raad se besluit van krag.
- (iii) Om vas te stel onder watter voorwaarde diere onder die beskerming van die sub-unie verkoop mag word by wyse van publieke veilings.
- (iv) Om aansoeke vir lidmaatskap op die voorgeskrewe vorm te ontvang en voorwaardelik of onvoorwaardelik goed- of af te keur sonder verstrekking van redes.
- (v) Om spesiale komitees of 'n persoon aan te stel om met enige vertakking van die sub-unie se werksaamhede te hanteer.

9. DISSIPLINÊRE SAKE

- (a) Enige lid wat die reëls en regulasies soos vervat in hierdie grondwet, die doelstellings van sub-unie of enige besluit van 'n algemene vergadering nie nakom nie, maak hom of haar skuldig aan 'n oortreding wat die onderwerp kan wees vir dissiplinêre stappe teen sodanige lid.
- (b) Die raad sal jaarliks 'n tugkomitee aanstel wat sal bestaan uit minstens drie lede, welke lede nie noodwendig raadslede hoef te wees nie. Die raad sal uit hierdie drie die voorsitter van die tugkomitee aanwys. Geen een van die lede van die tugkomitee dien in 'n professionele hoedanigheid daarop nie.
- (c) Klagtes deur lede moet skriftelik aan die bestuur gerig word, en indien tydig ontvang en nie nikseggend of kleinlik van aard, na die tugkomitee verwys word.
- (d) Die tugkomitee mag 'n geskrewe skulderkenning aanvaar vanaf die persoon teen wie 'n klag gelê is in stede daarvan om 'n dissiplinêre verhoor te hou.
- (e) Vir doeileindes van 'n dissiplinêre verhoor sal die volgende prosedures geld.
 - (i) Die raad stel 'n aanklaer aan om die klag te ondersoek en bewyse te vind. Hierdie persoon, wat ook 'n raadslid mag wees, tree nie in professionele hoedanigheid op nie.
 - (ii) Die aangeklaagde sal deur die voorsitter van die tugkomitee skriftelik voorsien word van die klagte teen hom en ingelig word van 'n datum waarop 'n dissiplinêre verhoor sal plaasvind.
 - (iii) Die aangeklaagde mag deur 'n mede-lid verteenwoordig word by die dissiplinêre verhoor. Slegs in uitsonderlike gevalle, en in die absolute diskresie van die voorsitter van die tugkomitee, sal professionele verteenwoordiging toegelaat word.
 - (iv) Die aanklaer moet die beweerde oortreding aan die tugkomitee stel en alle moontlike bewyse daartoe voorlê.
 - (v) Die aangeklaagde sal die geleentheid gegun word om sy of haar kant van die saak te stel, en beide aanklaer en aangeklaagde mag getuies ondervra.
 - (vi) Die tugkomitee kan self verder oor addisionele prosedures besluit wat tydens die dissiplinêre verhoor sal geld.
- (f) Na die aanhoor van alle getuienis sal die tugkomitee 'n bevinding moet maak, en die aangeklaagde:

Skuldig/onskuldig bevind(f1) Na skuldigbevinding kan die tugkomitee getuienis aanhoor met die oog op 'n gepaste tugmaatreël, waarna die tugkomitee die aangeklaagde kan:

- aanmaan
 - beboet
 - skors,of
 - enige ander gepaste bevinding kan maak
- (g) Enige boete opgelê deur die tugkomitee moet betaal word binne 14 dae na datum van oplegging van sodanige boete.
- (h) 'n Skorsing sal tot gevolg hê dat die betrokke lid, perd of ruiter of kombinasie daarvan nie toegelaat sal word om deel te neem aan enige van die aktiwiteite van die sub-unie tydens die skorsingsperiode nie. Sodanige skorsing verhinder egter nie enige ruiter of lid wat uit die stalle van die geskorsde lid skou, om na ander stalle te skuif nie.
- (i) Minimum en maksimum boetes wat deur die tugkomitee opgelê mag word sal wees soos van tyd tot tyd bepaal deur die raad. Dit word geboekstaaf dat ten tye van aanvaarding van hierdie grondwet die minimum en maksimum boetes wat in 'n dissiplinêre verhoor opgelê mag word, is R1000 en R10 000 onderskeidelik.
- (j) Indien 'n aangeklaagde skriftelik skuldig gepleit het, sal die minimum en maksimum boetes onderskeidelik R500 en R5 000 wees.
- (k) Die aangeklaagde sal skriftelik deur die voorsitter van die dissiplinêre komitee ingelig word van die bevinding teen hom.
- (l) Die uitslag van 'n dissiplinêre verhoor mag bekend gemaak word soos van tyd tot tyd deur die raad bepaal word.
- (m) Indien 'n aangeklaagde nie 'n dissiplinêre verhoor bywoon nie, doen hy of sy afstand van sy of haar regte daarin, en kan/mag met die dissiplinêre verhoor voortgegaan word in sy of haar afwesigheid.
- (n) Die sub-unie sal voorts gebonde wees aan die tugmaatreëls wat die Telersgenootskap, en die Profesionele Afrigtersvereniging oplê teen 'n lid, en die sub-unie sal verplig wees om toe te sien dat minstens die tuguitsprake van voormelde ook deur die sub-unie afgedwing word.

10. VERGADERINGS VAN DIE SUB-UNIE

- (a) Die sub-unie sal jaarliks 'n algemene jaarvergadering hou op so 'n plek en tyd as wat die voorsitter en sekretaris van die sub-unie bepaal.
- (b) Spesiale algemene vergaderings kan te enige tyd belê word deur die raad of op skriftelike versoek van ten minste 10 lede van die sub-unie. Redes moet vermeld word en voorstelle gespesifiseer en gemotiveer word.
- (c) Kennis van 'n algemene vergadering sal ten minste 30 dae voor die vergadering skriftelik aan elke lid gegee word en moet die datum, tyd en plek waar die vergadering gehou sal word meld asook die werk wat behandel word.
- (d) Die feit dat enige lid nie kennis gekry het van so 'n vergadering nie, sal enige besluit wat geneem is deur die sub-unie nie ongeldig maak nie.
- (e) TIEN (10) gewone lede sal 'n kworum by enige algemene vergadering vorm.
- (f) Enige algemene vergadering kan verdaag word deur die voorsitter.

10. WERKSAAMHEDE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING

- (a) Om die finansiële state van die sub-unie te ontvang, sowel as die rapporte van die raad te oorweeg, asook ander werksaamhede kragtens die grondwet, reëls en regulasies van die sub-unie af te handel.
- (b) Om jaarliks lede van die raad te kies in die plek van en wanneer hulle uittree. Uittredende lede is herkiesbaar.
- (c) Alle werksaamhede sal as buitengewoon beskou word. Geen sulke buitengewone sake sal deur die vergadering behandel word, tensy geskrewe kennisgewing ten opsigte van sodanige saak ten minste drie volle dae voor die vergadering aan die sekretaris gegee was nie of op so `n tyd gedurende die vergadering as wat deur die voorsitter vasgestel mag word.

11. STEMMING

Alle vraagstukke wat voor enige raad of algemene vergadering gelê word, sal beslis word deur stemming van die lede wat werklik teenwoordig is. Waar die stemming gelykop is, sal die voorsitter `n beslissende stem hê, benewens sy gewone stem. Elke lid het een stem. Stemming geskied deur briefie of met die opsteek van hande behalwe soos bepaal in 6 (d).

12. FINANSIËLE JAAR

Die raad van die sub-unie het die reg om te besluit oor die datum van sluiting van die finansiële jaar en moet toesien dat afskrifte van die finansiële state binne 90 dae na die algemene jaarvergadering aan die Saalperdtelersgenootskap voorgelê word.

13. WYSIGING VAN DIE GRONDWET

Lede kan kennis gee aan die sekretaris van die sub-unie minstens 45 dae voor die algemene jaarvergadering dat hulle `n wysiging in die grondwet wens aan te bring. Sodanige wysiging moet gespesifiseer en gemotiveer word.

Die grondwet van die sub-unie mag alleenlik gewysig word op `n algemene jaarvergadering deur meerderheid van twe-derdes van stemme van die lede wat teenwoordig is en wat stem en is onderhewig aan bekragtiging van die Saalperdtelersgenootskap.

Skriftelike kennisgewing van so `n vergadering moet deur die sekretaris aan elke lid gegee word minstens 30 dae voor die algemene jaarvergadering